



Laerskool KENRIDGE Primary Trust

KENRIDGE PRE-PRIMÊRE SKOOLHOOF

Die Pre-Primêre Skool Kenridge, gestig in 1992, is 'n onafhanklike skool geleë in die Noordelike Voorstede van Kaapstad. Hierdie tweetalige, goed-toegeruste skool is die opvoedkundige tuiste van 340 Pre-Gr. R en Gr. R-leerders. Hoogs gekwalifiseerde, toegewyde personeel, verseker 'n wêreldveranderende opvoedkundige ervaring vir ons leerders.

Weens aftrede sal 'n Laerskool Kenridge Trust skoolhoofvakature vanaf 1 Mei 2020 (onderhandelbaar) ontstaan. Die suksesvolle kandidaat moet 'n dinamiese leier wees met 'n strategiese fokus en visie vir die toekoms. Ervaring en implimentering van moderne, leerdergerigte, opvoedkundige tendense sal ons gelukkige, koesterende omgewing verder bevorder en deur 'n groeidenkwyse elke leerder belangrik ag. Die persoon moet 'n inspirerende leier wees wat toegewyd die skool se waardes sal bevorder en voortbou op die vestiging van positiewe verhoudings met ouers, leerders, opvoeders en die wyer gemeenskap.

Vereistes:

- 'n Toepaslike onderwyskwalifikasie vir Pre-Primêre onderrig (B. Ed Graad of gelyke).
- 'n Bewese rekord van uitstaande bestuur en leierskap in 'n Pre-Primêre omgewing.
- Uitstekende kommunikasie vaardighede (geskrewe en gesproke) in beide Afrikaans en Engels.
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede en konflikbestuur.
- Kennis en begrip van die nodige departementele vereistes, beleide en prosesse wat noodsaaklik is om 'n onafhanklike skool suksesvol te bestuur.
- Die vermoë om personeel te inspireer, waardeur en ondersteun en om sodoende hul voortdurende groei en toegewydheid te verseker.
- Ondervinding in die opstel en monitering van begrotings rakende die skool se inkomstes en uitgawes, sowel as die gladde verloop van die Pre-Primêre skool as deel van die groter kampus.

Stuur 'n volledige Curriculum Vitae, met TWEE referente en onlangse getuigskrifte (ten minste een nie ouer as ses maande nie) elektronies aan: Die Menslike Hulpbronbestuurder, Cindy Marinus, by recruitment@kenridge.org.za voor of op 9 Maart 2020 om 12:00.

'n Aansoek waarborg nie 'n onderhoud nie en die skool behou die reg om nie 'n aanstelling te maak nie. Laerskool Kenridge Trust is 'n gelyke geleentheid werkgewer.

